

GRAAD 10 - TAALLOEFENING

OPDRAG: Bestudeer die teks met soen-feite op die volgende blad en beantwoord dan die taalvrae wat daarvoor gestel is:

1. Vervang die woord **vreemde** in die opskrif eers met 'n gepaste sinoniem en dan met 'n gepaste antoniem. (2)
2. Skryf die getal 58 oor in woorde. (1)
3. Skryf die selfstandige naamwoord neer waarvan **Italiaanse** (feit 2) afgelei is. (1)
4. Skryf 'n rede neer vir die gebruik van die afkappingsteken in blok 2. (1)
5. Kies die korrekte spelvorm vir die meervoudsvorm van die woord in hakies in feit 3: sjimpanseë / sjimnaseës / sjimpansees / sjimpansee's (1)
6. Vergelyk die woorde **mense**, **diere** en **tonge** se lettergreepverdeling met die aantal morfeme wat in elkeen voorkom. Skryf dan jou opmerking in 'n goeie volsin neer. (2)
7. Skryf die meervoudsvorm van **bakterie** (feit 4) neer. (1)
8. Skryf die koorekte vorm van die woord in hakies in feit 5 neer. (1)
9. Skryf enige woord uit feit 5 neer waarvoor jy 'n homoniem ken en maak 'n sin om die betekenis van die homoniem duidelik te maak. (1)
10. Korrigeer die taalfout wat by feit 6 begaan is. Skryf die sin oor en onderstreep die korreksie wat jy aangebring het. (1)
11. In feit 7 kom woorde voor wat antonieme van mekaar is. Skryf die twee woorde neer. (1)

12. Die woord **dit** in feit 7 is beklemtoon. (1)
- 12.1 Hoe weet jy dit? (1)
- 12.2 Waarna verwys die woord **dit** in hierdie feit? (1)
- 13.1 Die woord **skoon** in feit 8 kan verskillende intensiewe vorme hê: silwerskoon en beeldskoon. Watter een dink jy pas die beste in feit 8? (1)
- 13.2 Maak 'n sin om die betekenis van die intensiewe vorm wat nie by skoon tande pas nie te verduidelik. (1)
14. Verdeel **wetenskaplik** (feit 8) in lettergrepe en dui aan of elke lettergreep oop og geslote is. (2)
15. Waarom is dit belangrik om binne die konteks van feit 8 seker te maak jy oorrond nie die woord **meisie** wanneer jy die woord uitspreek nie. (1)
16. Watter klankverskynsel kom voor indien **gebruik** by feit 9 as **gebreik** uitgespreek word (1)
17. Watter voegwoord sou na jou mening die beste pas in die sin wat by feit 10 voorkom. (1)
18. Voor- en agtervoegsels vervul verskillende funksies in hierdie teks. Soek voorbeelde van die volgende:
- 18.1 die voegsel dui die oortreffende trap aan. (1)
- 18.2 die voegsel vorm die verkleiningsvorm. (1)
19. Vir die stam **soen** lees ons die paroniem **gesoen** in die teks. Maak 'n sin van jou eie om te toon jy weet wat paronieme is. (Jy hoef nie te verduidelik wat paronieme is nie!) (1)
20. Skryf die volvorm van die afkorting **www** wat onderaan die teks gebruik word, neer. (1)
21. Skryf twee woorde uit die teks neer waarin koppeltekens om dieselfde rede gebruik word. Watter rede kan jy aanvoer vir die gebruik van die koppeltekens? (1)
22. Die volgende idiome bevat die woord **soen**. Soek die betekenis wat by elke idioom pas uit die blok:
- 22.1 Hy soen die mannetjie met die kurkhoed. (1)
- 22.2 Elke man soen sy vrou op sy manier. (1)
- 22.3 Hy soen Langnekkaatjie. (1)

<p>Elke mens het sy eie manier van doen. // Hy drink sterk drank. //</p> <p>Gesê as 'n man se vrou langer as hy.</p>
--

Vreemde **SOEN**-feite

1  Die rekord vir die langste soen is meer as **58 ure** tussen die Thaise paartjie Ekkachai Tiranarat en Laksana Tiranarat, in 2013.

2 In die **1500's** is mense in die Italiaanse stad Napels die doodstraf gegee as hulle gesoen het. 

3 Mense is byna die enigste diere wat soen. (Sjimpansee) soen ook, en bonobos gebruik ook hul **tong** as hulle soen.

4 Byna 'n **miljard** bakterie-stringe word uitgeruil as twee mense soen. 

5 (middel) mense soen vir **20,160** minute in sy of haar leeftyd.

6 Jou lippe is **100** keer meer sensitief as jou vingerpunte. 

7  Jou speeksel **vermeerder** vanself as jy soen, en dit verminder plaak en hou jou tande gesond en sterk.

8 **Skoon tande** en vars asem is wetenskaplik bewys as een van die redes hoekom 'n meisie sal besluit om 'n ou te soen - of nie.

9 Jy gebruik **34 spiere** in jou gesig en nek vir 'n French kiss. 'n Gewone soen, soos die soort wat jy jou ouma gee, gebruik net **twee** spiere. 

10 Soene kan **hoofpyn** verlig — dit  bloedvloei na jou kop vermeerder.